GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS: DISTRIK D5 & D16

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

**VRAESTEL 3**

**GRAAD 12**

**MEI 2017**

**PUNTE: 100** **TYD: 2½ UUR**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | |
|---|---|
| AFDELING A: Opstel | (50) |
| AFDELING B: Langer transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: Korter transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.
3. Skryf in die taal wat geassesseer word.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart, 'n vloeidiagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
7. Beplan jou tyd só:

   AFDELING A: 80 minute
   AFDELING B: 40 minute
   AFDELING C: 30 minute

8. Nommer elke teks soos dit op die vraestel genommer is.
9. Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer.
10. LET WEL: Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
11. Skryf netjies en leesbaar.

***Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye***

## Afdeling A: Opstel (50 punte)

**Kies EEN vraag en skryf 250- 300 woorde oor die onderwerp.**

1.1 ‘n Week gelede ….. Nou wil niemand met my praat nie [50]

1.2 Die langste dag van my lewe [50]

1.3 Jy kry ‘n briefie in jou tas wat sê: Maak dat jy wegkom!! [50]

1.4 Dit smaak so lekker! [50]

1.5 En dit is hoe Ouma se sitkamervenster gebreek is…. [50]

1.6 Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf ‘n opstel oor wat jy in die prent sien. Verskaf ‘n titel wat by die prent en die inhoud pas.

1.6.1



[50]

1.6.2



[50]

1.6.3



[50]

**AFDELING A: 50**

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS (30 punte)**

**Vraag 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120-150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan jou skryfstuk neer.

2.1 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jy en jou maat wil graag die wintervakansie saam deurbring.
Skryf ‘n INFORMELE BRIEF aan jou maat waarin jy die maat uitnooi om saam met jou en jou gesin met vakansie te gaan.

[30]

2.2 **HULDEBLYK**

Een van jou klasmaats is oorlede in ’n motorongeluk. As klaskaptein, moet jy die huldeblyk tydens die begrafnis lewer.
Skryf die HULDEBLYK wat jy by die begrafnis gaan lewer.

[30]

2.3 **TOESPRAAK**

Baie onderwysers kla dat leerders baie tyd op hulle selfone deurbring. Jy moet ‘n toespraak tydens saalopening lewer oor die voor-en nadele van selfone.

[30]

2.4 **DIALOOG**

Jy en jou vriendin gaan saam na die vertoning *Rock in my Taal* kyk. Julle beplan en bespreek die reëlings vir die vertoning.
Skryf die DIALOOG tussen jou en jou vriend neer.

[30]

**AFDELING B: 30**

**AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKS (20 punte)**

**Vraag 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80-100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

3.1 **ADVERTENSIE**

Daar gaan ‘n musiekfees by die skool gehou word. Jy moet ‘n stalletjie beman wat kos verkoop.
Maak ‘n ADVERTENSIE waarin jy jou kosstalletjie adverteer. [20]

3.2 **DAGBOEKINSKRYWING**

Jou graad 12- jaar het hoogtepunte en laagtepunte gehad. Voltooi ‘n dagboekinskrywing waarin jy ‘n dag wat vir jou baie moeilik was **OF** ‘n vreugdevolle dag wat jy vir altyd sal wil onthou, beskryf.

3.3 I**NSTRUKSIES**

Jy is vanjaar een van die leiers van jou skool. Die hoof het jou gevra om aan die res van die skoolleiers instruksies te gee hoe om **onderwysers** in die klas te help om klasdissipline toe te pas.(Dink aan klasreëls)
Skryf **sewe** INSTRUKSIES neer vir klasdissipline. [20]

**AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**